

# HANDLEIDING VIR OOR-DIE-TOONBANK-VERHANDELING

## SENWES BEPERK AGRIBEL BEHEREND BEPERK

OKTOBER 2021

1.

### Inleiding

Senwes hanteer self die verhandeling van aandele in Senwes Beperk en Agribel Beherend Beperk (hierin na verwys as "Agribel") (gesamentlik hierin na verwys as die "Senwes Groep") op 'n oor-die-toonbank ("OTC")-basis.

OTC-aandeletransaksies verwys na aandeelverhandelingstransaksies wat direk en onderling tussen gewillige kopers ("kopers") en gewillige verkopers van aandele onderhandel word. Senwes, deur sy OTC-Administratiewe Verhandelingsplatform ("OTC-platform") sal die identifisering van gewillige kopers en verkopers, wat kan lei tot die aangaan van 'n transaksie tussen sodanige kopers en verkopers, fasiliteer.

Ooreenkomstig artikel 51 van die Maatskappywet, 2008 ("die Wet"), is die aandele in die Senwes Groep gematerialiseer en in sertifikaatvorm soos voorsien in die Wet.

2.

### Aandeesertifikate

Die sertifikate word in trust gehou by die geregistreerde kantoor van die Senwes Groep. Aandeehouers mag die oorspronklike sertifikate skriftelik aanvra, deur sodanige instruksie aan die Maatskappysekretaris te rig.

3.

### Oordrag van aandele en beperkings

Senwes aandele is vrylik oordraagbaar terwyl die aandele van Agribel, die houermaatskappy, nie vrylik oordraagbaar is nie. Laasgenoemde aandele mag slegs tussen bestaande of nuwe aandeelhouders verhandel, na voorafverkreë goedkeuring vanaf die Agribel direksie. Finale goedkeuring berus by die Agribel direksie in terme van die magtiging verleen in die akte van oprigting van die maatskappy.

Senwes sal alle instruksies met betrekking tot die koop van Agribel aandele aan Agribel stuur vir die nodige goedkeuring. Die goedkeuringsproses sal minstens sewe dae neem, en kan moontlik langer neem na gelang van individuele omstandighede.

4.

### Aandele gehou as sekuriteit

Die aandele van sommige aandeelhouders in die Senwes Groep is outomaties gesedeer en verpand vir huidige en toekomstige skuld (indien enige) van 'n kliënt wat ook 'n kliënt is by Agri Credit Solutions (Edms) Beperk (voorheen Senwes Credit).

Wanneer aandele derhalwe verkoop word, moet Agri Credit Solutions toestemming verleen vir die verkoop van die aandele en instruksies uitreik met betrekking tot die opbrengs uit die verkoop van die aandele. Die goedkeuringsproses sal minstens drie dae neem, maar kan langer neem na gelang van individuele omstandighede.

5.

### Dokumentasie benodig

Indien u aandele in Senwes of Agribel wil koop of verkoop, moet die volgende dokumentasie aan die OTC-platform verskaf word. Alle dokumente moet duidelik gemerk word vir aandag: Die Maatskappysekreteraris.

- a) **'n Getekende mandaat (instruksie) wat, *inter alia*, Senwes magtig om 'n transaksie te fasiliteer vir die koop of verkoop van aandele en om uitvoering te gee aan 'n oordrag van aandele namens die Verkoper. Die Mandaat en hierdie Administratiewe Verhandelingsplatform-handleiding, soos gepubliseer op die Senwes webtuiste, en wat deel vorm van hierdie Mandaat by wyse van verwysing, is een onverdeelbare Ooreenkoms tussen Senwes en die Aandelehouer/Kliënt;**

- b) Die Ooreenkoms vir die Verkoop van Aandele tussen 'n Koper en 'n Verkoper (indien beskikbaar);
- c) Bewys van bankbesonderhede;
- d) Die FICA-dokumentasie benodig in terme van wetgewing met betrekking tot geldwassery. Geen transaksie mag sonder hierdie dokumentasie plaasvind nie.
- e) Die oorspronklike aandelesertifikaat (indien voorheen verskaf).

## 6.

### Verhandelingsprosedure by die OTC-platform

Indien u aandele wil verhandel, moet opdrag dienooreenkomstig, mondeling of skriftelik, aan Senwes gegee word. Opdrag kan ook telefonies gegee word by telefoonnommer 018-464 7105. Oproepe sal opgeneem word en enige telefoniese opdrag sal wetlik bindend wees.

Verhandeling word tussen **09h00** en **16h00** op weksdae gedoen.

Die volgende inligting moet ten opsigte van alle transaksies verskaf word:

- Die Senwes lidmaatskapsnommer of aandeelhoudersnommer (indien van toepassing);
- die identiteitsnommer of registrasienommer (in die geval wat wetlike persone);
- die maatskappy waarin aandele gekoop of verkoop moet word;
- die aantal aandele wat gekoop of verkoop moet word;
- die periode waarvoor die opdrag geldig moet wees;
- die prys waarteen u aandele wil koop of verkoop.

Daar word aanbeveel dat potensiële kopers en verkopers huidige aandeelpryse met 'n finansiële adviseur of 'n makelaar moet bespreek voordat besluit word op 'n transaksieprys. Die belastingimplikasies van 'n transaksie moet ook oorweeg word en daar word aanbeveel dat advies in die verband van u rekenmeester bekom word.

Senwes amptenare en personeel sal onder geen omstandighede advies verleen met betrekking tot u belegging of transaksiepryse nie. Hulle is verbied om dit te doen.

Die koop en verkoop van aandele verg omsigtigheid en daar word van die aandeelhouer en potensiële beleggers verwag om die nodige oorweging te skenk aan die besluit om aandele in die Senwes Groep te koop en/of te verkoop.

7.

## Omsigtigheidsaankondigings

Wanneer omsigtigheidsaankondigings uitgereik word deur die Senwes Groep, moet sodanige aankondigings goed oorweeg word. Omsigtigheidsverklarings sal op die Senwes webtuiste gepubliseer word.

Omsigtigheidsaankondigings beteken oor die algemeen dat 'n gebeurtenis/transaksie 'n wesenlike impak op die prys van aandele kan hê. "Wesenlik" in hierdie konteks beteken 'n verhoging/verlaging van meer as 10% (tien persent) op die mees onlangse aandeelprys. Gedurende sekere tydperke kan die aandeleregister gesluit word soos bepaal in die Senwes Groep se Akte van Oprigting of interne beleide. Kennisgewing van die sluiting van die aandele-register sal op die webtuiste gepubliseer word.

8.

## Die OTC-platform

- a) Senwes sal, deur die OTC-platform, die identifisering van gewillige kopers en verkopers fasiliteer en die oordrag van aandele in terme van transaksies onderhandel en uitvoer tussen kopers en verkopers. Aangesien aandele op 'n OTC-basis verhandel en met uitsondering van Hoofstuk 10 van die Wet op Finansiële Markte, 2012 (die "FMA"), is die bepaling van die FMA nie van toepassing op die Senwes Groep of aandeeltransaksies nie en geen beskerming word aan die verkoper of koper gebied in terme van die FMA nie.
- b) Senwes sal as administrateur optree om die transaksies te fasiliteer wat onderhandel en aangegaan is tussen die koper en verkoper in terme van die oordrag van aandele en die opdatering van die aandeleregister. Senwes sal egter slegs die oordrag van aandele doen indien daar aan die terme en voorwaardes van die **Mandaat en hierdie Handleiding** voldoen is, insluitend maar nie beperk tot die indiening van alle dokumente wat vereis word, by die OTC-platform, die betaling van die koopprys deur die koper, die betaling van die vereiste foie en sekuriteite-oordragbelasting ("STT") aan Senwes.
- c) Senwes sal rekord hou van en inligting op die Senwes webtuiste publiseer wat verband hou met die prys en volumes van vorige aandeeltransaksies in die Maatskappy.

- a) Indien beleggers of aandeelhouders aandele wil koop of verkoop, kan hulle die OTC-platform skakel om hul voornemens om te koop of te verkoop bekend te maak en om die kontakbesonderhede van enige voornemende verkoper of koper te bekom.
- b) Partye wat aandele wil koop of verkoop kan te enige tyd enige potensiële belegger of aandeelhouer direk skakel sonder om die OTC-platform te skakel, of hul voorneme om te koop, op rekord te plaas by die OTC-platform, met dien verstande dat die relevante aandele slegs na die aandeleregister oorgedra sal word indien aan al die terme en voorwaardes van die Mandaat voldoen is.
- c) Potensiële aandeelhouders of bestaande aandeelhouders wat aandele wil koop of verkoop met die bystand van die OTC-platform, moet Senwes dienooreenkomstig in kennis stel en Senwes in kennis stel van die aantal aandele wat hulle beoog om te koop of te verkoop, die pryse daarvan en die tydperk waarvoor die beoogde koop of verkoop op die databasis sal bly indien 'n onmiddellike transaksie nie sou plaasvind nie. Senwes sal dan die nodige bystand verleen met die fasilitering van die transaksie tussen die koper en verkoper.
- d) Voordat enige inligting op die databasis geplaas word, moet Senwes in besit wees van die dokumentasie soos aangedui in paragraaf 5 hierbo.
- e) Sodra die OTC-platform 'n potensiële koper identifiseer vir die aandele wat deur 'n aandeelhouer aangebied word, sal die OTC-platform die betrokke aanbod om te verkoop en die aanbod om te koop verwyder van die webtuiste en 'n bevestiging van die opdrag aan die potensiële koper en verkoper voorsien. Gedurende hierdie tydperk, moet die koper en verkoper direk en wedersyds die eenheidsprys per aandeel en die aantal aandele wat gekoop sal word, met mekaar onderhandel, tensy hulle die OTC-platform spesifiek sou versoek om dit namens hulle te doen.
- f) Die OTC-platform sal weer die inligting met betrekking tot die potensiële transaksie op die Senwes databasis plaas nadat kennis ontvang is dat die potensiële transaksie nie tussen die relevante koper en verkoper aangegaan is nie en indien Senwes spesifiek opdrag ontvang om dit te doen. 'n Bevestiging van die kansellasie van die opdrag sal dan uitgereik word.

- g) Kopers en verkopers kan 'n versoek aan Senwes rig vir die besonderhede (identiteit en kontakbesonderhede) van die relevante kopers en verkopers ten einde transaksies direk met mekaar te onderhandel en dit is nie 'n vereiste dat 'n koper of verkoper sy voorneme om te koop of te verkoop, op rekord moet plaas by die OTC-platform nie. 'n Potensiële koper of verkoper kan, volgens die inligting wat op die webtuiste beskikbaar is, die OTC-platform versoek om die besonderhede (identiteit en kontakbesonderhede) van 'n potensiële koper of verkoper wat sy voorneme direk aan hulle gekommunikeer het, aan hulle te verskaf sodat hulle die koop en verkoop van aandele kan onderhandel. Indien die partye dit sou benodig, sal die OTC-platform die koper en verkoper voorsien van 'n standaard (*pro forma*) Ooreenkoms vir die Verkoop van Aandele wat gebruik kan word om die transaksie met mekaar te sluit.
- h) 'n Transaksie word geag as effektief te wees op die datum waarop die OTC-platform bevestiging daarvan vanaf die partye ontvang, (per epos of andersins).
- i) Sodra die bevestiging deur die OTC-platform ontvang is, moet die koper die ooreengekome koopprijs binne **vyf (5) werksdae aan die Verkoper betaal of in die genomineerde trustrekening van die OTC-platform inbetaal**. Tensy die aandele aan Agri Credit Solutions gesedeer is, moet die koopprijs in die genomineerde bankrekening van die verkoper betaal word. Indien die aandele aan Agri Credit Solutions gesedeer is, sal die koper opdrag ontvang om die koopprijs in 'n aangewese bankrekening te deponeer.
- j) Senwes sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir enige skade indien die koper en verkoper nie hul onderhandelinge suksesvol afhandel of nie volgens bepalings van die Mandaat optree nie.
- k) Senwes sal die toepaslike STT van die koper verhaal en die belasting aan SARS oorbetal, soos bepaal in terme van die Wet op Sekuriteite Oordragbelasting, 25 van 2007. Kopers van Senwes aandele sal in kennis gestel word van die bedrag wat die STT beloop ten opsigte van enige suksesvolle transaksie. Senwes sal geregtig wees om sodanige bedrag van die koper te verhaal binne **vyf (5) werksdae** vanaf 'n skriftelike versoek in die verband.

- l) Indien die OTC-platform versoek word om die partye by te staan met die publikasie van hul voorneme om aandele te koop of te verkoop, sal enige oorblywende aandele gekoop of verkoop op die databasis bly totdat dit deur die koper of verkoper gekanselleer word.
- m) Senwes sal slegs die oordrag van aandele vanaf die verkoper na die koper in die sekuriteiteregister registreer nadat die volgende deur die OTC-platform ontvang is:
- Bevestiging van die transaksie;
  - toepaslike akte van oordrag;
  - die oorspronklike aandelesertifikate (indien beskikbaar);
  - bewys van betaling van die toepaslike STT deur die koper binne **vyf (5)** dae nadat kennis in die verband deur Senwes gegee is;
  - betaling van die administratiewe fooi (soos van tyd tot tyd bepaal en op die webtuiste gepubliseer) deur die koper en verkoper binne **vyf (5) dae** nadat kennis in die verband deur Sewes gegee is; en
  - bewys van betaling van die aandeelkoopprys. Betaling moet deur die Koper direk aan die Verkoper of die aangewese trustrekening gedoen word, tensy die aandele aan Agri Credit Solutions gesedeer is.
- n) Alle transaksies wat aangegaan is, sal op die webtuiste aangebring word. Die geskiedenis van vorige pryse sal ter kennisname op die webtuiste beskikbaar wees.

## 10.

### Wysigings en kansellasies

- a) Indien 'n aandeelhouer sy voorneme om aandele te koop of te verkoop op die databasis sou plaas en indien hy die aantal aandele en/of prys van die aandele wat hy wil koop of verkoop wil verander, moet hy die OTC-platform onmiddellik daarvan in kennis stel. Die oorspronklike opdrag sal gekanselleer word en 'n nuwe opdrag sal op die databasis geplaas word.
- b) Indien die opdrag buite die toepaslike OTC-platform se besigheidsure (soos hierbo aangedui) ontvang word, sal dit slegs aan die begin van die volgende werksdag geprosesseer word.

11.

## Trustrekeningbesonderhede

Indien 'n Koper sou verkies om dit te doen, moet die koopprys van die aandele, fooie en STT in die Senwes OTC-platform Trustrekening gedeponeer word voordat die transaksie gefinaliseer kan word. Alle betalings moet by wyse van 'n direkte inbetaling of elektronies gedoen word. Geen kontant mag ontvang word nie. **Bedrae inbetaal in hierdie rekening verdien nie rente nie.**

### Rekeningbesonderhede:

Rekeningnaam: **Senwes Aandele Verhandelings Trust**  
 Bank: **ABSA**  
 Tak: **Klerksdorp**  
 Takkode: **334 338**  
 Rekeningnommer: **405 706 8314**  
 Verwysingsnommer: **Aandelhouders nr. / Kliënt nr. / ID-nommer**

12.

## Oordrag van aandele

Wanneer bevestiging van die transaksie deur Senwes uitgereik word, sal die oordragsekretaris terselfdertyd kennis van die transaksie ontvang, sowel as 'n afskrif van die akte van oordrag. Die oordrag van aandele sal daarna gedoen word. Skriftelike bevestiging daarvan sal aan die koper en verkoper gestuur word.

13.

## Administrasiefooie

Fooie word betaal in terme van 'n glyskaal gebaseer op die bedrag van die transaksie. Beide die koper en verkoper sal verhandelingsfooie, soos hieronder aangedui, betaal.

SENWES		
Fooie (uitgesluit BTW)		
Waarde	Boonste limiet	Fooi %
< R1 800	1,800	0.000%
> = R1 800 en < R18 000	18,000	1.593%
> = R18 000 en < R90 000	90,000	0.434%
> = R90 000 en < R180 000	180,000	0.386%
> = R180 000 en < R360 000	360,000	0.289%
> = R360 000 en < R900 000	900,000	0.158%
> = R900 000		0.057%



AGRIBEL		
Foioe (uitgesluit BTW)		
Waarde	Boonste grens	Foioe %
< R900	900	0.000%
> = R 900 en < R9 000	9,000	2.456%
>= R9 000 and < R18 000	18,000	1.593%
> = R18 000 en < R45 000	45,000	0.856%
> = R45 000 en < R90 000	90,000	0.749%
> = R90 000 en < R180 000	180,000	0.579%
> = R180 000 en < R450 000	450,000	0.352%
> = R450 000		0.133%

Plus BTW.

#### 14. Bestorwe Boedels (Boedel wyle) of Insolvente Boedels

Slegs die eksekuteur van die bestorwe boedel van 'n aandeelhouer of die Trustee van 'n insolvente boedel sal gemagtig wees om 'n mandaat te gee vir die verhandeling van aandeel.

#### 15. Inligting op Senwes Webtuiste

Vir inligting met betrekking tot aandeelpryse, sowel as beskikbare aanbiedinge, besoek [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za) en gaan na "aandeel", waar die inligting beskikbaar is.

#### 16. Vertroulikheid

Die OTC-platform sal alle dokumentasie en transaksies as vertroulik beskou. Die oordrag- en OTC-funksie is verdeel ten einde die nodige interne beheer en integriteit in die proses te verseker.

#### 17. Kontakbesonderhede

Naam	Besonderhede	Telefoon	epos
Je'Nine Koen	Verhandeling	018-464 7105	<a href="mailto:jenine.koen@senwes.co.za">jenine.koen@senwes.co.za</a>
Claudi Smit	Administrasie, Oordragte / Algemene navrae	018-464 7121	<a href="mailto:claudi.smit@senwes.co.za">claudi.smit@senwes.co.za</a>

Naam	Besonderhede	Telefoon	epos
Elmarie Joynt	Maatskappysekretaris / Afdelingshoof	018-464 7104	<a href="mailto:elmarie.joynt@senwes.co.za">elmarie.joynt@senwes.co.za</a>

### Senwes Beperk

Registrasie nr: 1997/005336/06

Die Maatskappysekretaris

Senwes Beperk

Posbus 31

**KLERKSDORP**

2570

### Agribel Beherend Beperk

Registrasie nr: 1996/017629/07

Tel nr: **018-464 7104**

Tel nr: **018-464 7121**

Faks nr: **086 680 3124**